# HOOFSTUK 3

# 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE TOTSTANDKOMING EN UIT= BREIDING VAN ONDERWYS VIR BLINDES EN VAN DIE STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE BLINDEWESE IN DIE RSA

## 3.1 INLEIDING

In die eerste plek sal in die onderhawige hoofstuk 'n bondige uiteensetting van die totstandkoming en verdere uitbouing van die onderwysprogram ten behoewe van blindes in die RSA gegee word. Aspekte wat verder bespreek sal word, is onder andere die beheer van die onderwys, die kriteria vir toelating, tersiêre opleiding, nasorgwerk ten behoewe van blinde skoolverlaters en die uitbrei= ding van die onderwys vir blinde leerlinge na die Transvaal.

Die opvoeding en onderwys van die blinde kind moet egter nie as 'n geïsoleerde eenheid buite die werksaamhede van die blindewese in die algemeen in die RSA gesien word nie. Tussen skole vir blindes en ander instansies wat hul vir die welsyn van die blinde persoon beywer, vind onontbeerlike samewerking plaas, veral ook omdat die blinde persoon na skoolverlating steeds op 'n besondere mate van hulpverlening aangewys is. Daarom dat by 'n bespreking van die opvoeding en onderwys van die blinde kind, die SANRB en sy geaffilieerde liggame ook aandag sal ontvang. Ten slotte word ook die aandeel van die Staat bespreek.

## 3.2 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE TOTSTANDKOMING EN UITBREIDING VAN ONDERWYS VIR BLINDES IN DIE RSA

### 3.2.1 DIE ONTSTAAN VAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

Die eerste skool vir Blanke kinders aan die Kaap is in 1663 ge= stig. Met die eerste voorsiening vir gestremde kinders is pre= sies tweehonderd jaar later 'n begin gemaak toe die Rooms-Kato= lieke Kerk in 1863 'n skool vir die onderwys van dowe leerlinge

in Kaapstad geopen het. As gevolg van die bestaan van hierdie skool het die skole vir dowe en blinde leerlinge te Worcester hul beslag gekry. Aanvanklik was dit veral ds. Rabie van die N.G.-gemeente te Piketberg en ds. Andrew Murray van Wellington wat die nood van veral die *Afrikaanssprekende* dowe en blinde kinders onder die aandag gebring het. Op die vergadering van die Ring van Tul=bagh wat op 14 Oktober 1879 gehou is, dien ds. W. Murray die vol=gende voorstel in, te wete: *"Deze Ringsvergadering verklare het als hoogstwenschelijk dat voorsiening worde gemaakt in het onder=wijs onzer doofstomme kinderen"* (Biesenbach, 1945a, p. 30). Vroeg in Januarie 1880 vertrek die heer B.J.G. de Labat na Holland om in die opvoeding en onderwys van veral dowe, maar ook blinde kinders, opgelei te word.

Op 12 Oktober 1880 begin die veertiende Sinode van die N.G. Kerk in Kaapstad en word 'n voorstel aangeneem dat indien "hierdie goeie saak" ondersteuning van die Kerk sou ontvang, dit wel van kerkweë behartig en ondersteun moet word en word daar verder besluit dat dit aan 'n sinodale kommissie opgedra sou word om 'n "Inrichting voor onze Doofstommen en Blinden" tot stand te bring.

Op Woensdag, 15 Junie 1881, begin mnr. De Labat sy werk met een leerling in 'n gehuurde kamer van 'n privaatwoning te Worcester. Op 12 September was daar reeds sewe leerlinge van wie een 'n blinde seun was (Biesenbach, 1945a, pp. 31-37).

### 3.2.2 DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE

Die aanvanklike Doofstommen - en Blinden-Instituut te Worcester is in 1881 deur die Sinode van die N.G. Kerk in Kaapstad in die lewe geroep en die Sinodale Bestuur het oor die skool beheer uit=geoefen. Dit was die beleid van die Sinode om die Bestuur so kon=tinu as moontlik te hou sodat predikante wat met die behoeftes en werksaamhede vertroud is, steeds op die Bestuur sitting sou hê.

Die Kerk het ook van die begin af op finansiële steun van die Staat staatgemaak en het dit ook gekry. Aanvanklik het die Onderwysdepartement van die Kaapprovinsie, en van 1925 af die Unie-Onderwysdepartement die skool gesubsidieer. Op 3 November 1927 word die Bestuur deur laasgenoemde Departement meegedeel dat veel gunstiger finansiële steun verleen sal word (Biesenbach, 1945b, pp. 570-575). Sekere algemene voorwaardes is aan hierdie subsidiëring verbind, die vernaamste waarvan bereken was om die medeseggenskap van die Departement oor onder andere diensvoorwaar= des, administratiewe prosedures en toesig oor die inhoud en gehal= te van die onderwys, te versterk en te bestendig.

Die eerste wet oor buitengewone onderwys wat deur die Unieparle= ment aangeneem is, was die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole (Wet No. 29 van 1928) en vir baie jare het hierdie Wet die basis gevorm vir die bestendiging en uitbreiding van buitengewone onderwys wat destyds tot blinde en dowe leerlinge beperk was. Veral vanaf hierdie tydperk het die Staat ook verreweg die groot= ste finansiële las gedra. Wat betref die taak van die Sinodale Bestuur en later die Skoolbestuur, waarop beide die Kerk en Staat se verteenwoordigers sitting gehad het, het hulle hoofsaaklik hul aandag aan bouwerk, aanstelling van personeel, insameling van fondse en leiding ten opsigte van verdere uitbreiding gewy (Suid-Afrika, 1970b, pp. 17-20).

In 1945 bring die Komitee oor Afwykende Kinders, benoem deur die destydse Minister van Onderwys, 'n omvattende verslag oor die gestremde kind uit; die sogenaamde De Vos Malan-verslag. Die aanname van 'n nuwe wet in 1948, naamlik die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948), was die direkte uitvloeisel van hierdie verslag. Voorsiening vir die stigting van gesubsi= dieerde skole is vervat in Artikel 3(i) van die Wet waarin ook melding gemaak word van spesiale skole wat vir vier kategorieë

van gestremde kinders voorsiening maak, naamlik dowe kinders, blinde kinders, epileptici en "die kinders waarvoor die provinsies nie voorsiening kan maak nie" (Suid-Afrika, 1970b, p. 17). In 1967 is hierdie Wet vervang deur die Wet op Onderwysdienste van 1967 (Wet No. 41 van 1967) soos gewysig, wat in die volgende hoof=stuk bespreek sal word.

### 3.2.3 ENKELE AANGELEENTHEDE MET BETREKKING TOT DIE TOELATING VAN LEERLINGE TOT DIE SKOOL VIR BLINDES

#### 3.2.3.1 Huistaal en kerkverband van leerlinge

Die Skool vir Blindes te Worcester het van die begin af sy deure vir alle Blanke blinde kinders, ongeag hul kerkverband of huistaal, oopgestel. Wat betref kerkverband, is daar kinders van wie die ouers aan die N.G. Kerk, Gereformeerde Kerk, Hervorm=de Kerk, Engelse kerke, Rooms-Katolieke Kerk, Joodse geloof, asook dié wat aan sektes behoort het, opgeneem. Ongeveer 83 persent van die leerlinge wat tot 1942 toegelaat is, se ouers het tot een van die drie Afrikaanse kerke behoort en ongeveer 84 persent was van huis uit Afrikaanssprekend (Biesenbach, 1945b, pp. 310-311).

#### 3.2.3.2 Die toelating van braillekandidate

Die beskrywende definisie wat aanvanklik as kriterium vir toela=ting gedien het, was " ... *that the sight of a candidate for admission must be so affected as to render him or her incapable of being educated by the ordinary methods adopted in a public elementary school*" (Biesenbach, 1945b, p. 316).

In 1936 het Suid-Afrika deur aanvaarding van die Wet op Blindes sy eerste wetgewing in verband met blindesorg gekry. Hierdie Wet het onder sekere voorwaardes voorsiening gemaak vir

staatsondersteuning aan blindes. Volgens die regulasies wat kragtens die Wet geproklameer is, word persone met 'n gesig= skerpte van minder as 3/60 Snellen as blind beskou. Persone met 'n gesigskerpte van tussen 3/60 en 6/60 Snellen is alleen as blind beskou wanneer die gesigsveld tot 50 persent van die nor= male gesigsveld verminder is. Persone met 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen of meer is slegs as blind beskou as die gesigsveld tot 25 persent van die normale verminder het. Met die Spesiale Skolewysigingswet, Wet No. 43 van 1937, is onderwys vir blinde kinders vir die eerste keer verpligtend gemaak en hierdie Wet het voorsiening gemaak vir leerplig ten aansien van kinders wat " ... *weens liggaams-, verstands- of gedragsafwykings of -tekort= komings nie in staat is om voldoende voordeel te trek uit die onderrig en opleiding wat aan gewone skole verskaf word nie*" (Suid-Afrika, 1937, p. 597).

### 3.2.3.3 Die toelating van swaksiende leerlinge

Na die Spesiale Skolewysigingswet (Wet No. 43 van 1937) is regula= sies kragtens die Leerpligwet op 30 Junie 1939 geproklameer. Hierin lui dit onder andere soos volg: "*In general, with the ex= ception of children suffering from progressive eye troubles, children with 6/24 vision and over, in the better eye after correction and treatment, can usually carry on their work pro= fitable in the ordinary classes. Children with much less vision than 6/60th after correction or treatment, are considered almost blind and should be educated as fingerreaders by means of Braille in a School for the Blind. Children falling between these two extremes, as well as all children with progressive eye trouble, should be considered potential pupils in sight-saving classes*" (Biesenbach, 1945b, pp. 320-321). Volgens hierdie regulasies moes swaksiende leerlinge dus nie in die Skool vir Blindes opgeneem

word nie.

In 1943 was daar nog geen spesiale skole vir swaksiende leerlinge nie en die Skool vir Blindes kon nie anders as om sekere swaksien= de kinders op te neem nie. Swaksiendes wie se gesigskerpte net buite die kriterium vir blindheid geval het, asook dié swaksiende kinders wat as gevolg van veral verstandelike onvermoë nie aan die gewone skool kon vorder nie, is opgeneem. Van 1948 af is daar be= gin om spesiale aandag aan swaksiende kinders te gee en wel by wy= se van die instelling van 'n "gesigsbewaringsklas". Alhoewel daar ten opsigte van hierdie leerlinge van braille as onderrigmedium gebruik gemaak is, was hulle nogtans in staat om boeke in gewone druk te lees (Vaughan, 1964, p. 64).

In 1964, 'n jaar na die totstandkoming van die Prinshofskool vir Swaksiendes te Pretoria, word daar met 'n afsonderlike afdeling vir swaksiendes aan die Skool vir Blindes te Worcester 'n aanvang gemaak en wel vir leerlinge in substanderd A tot standerd 5. Van 1968 af word swaksiende leerlinge in standerd 6 ook by die afde= ling vir swaksiendes ingeskakel, terwyl swaksiende en blinde leer= linge in standerds 7 tot 10 steeds in dieselfde klasgroepe onder= rig is (Skool vir Blindes, 1964, p. 17 en 1970a, pp. 14-15).

### 3.2.3.4 Die toelating van verstandelike vertraagde blinde leerlinge

Die Kaapse Onderwysdepartement was reeds ten tye van die stigting van die skool sterk gekant teen die toelating van leerlinge wat verstandelik vertraagd was.[1] Die Unie-Onderwysdepartement het dieselfde mening gehuldig en uit die regulasies wat kragtens die Leerpligwet, Wet No. 43 van 1937 uitgevaardig is, blyk dat die "onderrigbaarheid" van leerlinge as vereiste gestel is, dit wil sê leerlinge moes kon baat by die onderwys en opleiding wat aan= gebied word.

Ten spyte van hierdie regulasies is baie verstandelik vertraagde leerlinge tog toegelaat. Hierdie toedrag van sake is enersyds grotendeels daaraan te wyte dat die intelligensie van veral blinde leerlinge gedurende hulle eerste jaar op skool moeilik evalueerbaar is, asook andersyds aan die feit dat daar dikwels geen ander heenkome vir hierdie kinders was nie. Die Sinode van die N.G. Kerk het in 1936 versoek dat daar aan die skool te Wor=cester afsonderlik vir hierdie kinders voorsiening gemaak moes word. Die skoolhoof was egter van mening dat daar vir leerlinge wat op sosiale gebied, skolasties of in 'n handwerkrigting geen vordering getoon het nie, in 'n afsonderlike inrigting voorsie=ning gemaak moes word (Biesenbach, 1945b, pp. 335-347).

### 3.2.3.5 Voorsiening vir doofblinde kinders

Doofblinde kinders is reeds sedert die aanvangsjare van die skool toegelaat. Daar is gepoog om vir hierdie kinders so goed as moontlik te voorsien, hoewel daar aanvanklik nie spesiale voor=siening wat betref onderwysers, onderwyshulpmiddels of verblyf vir hulle gemaak is nie. Eers in 1959 is 'n afsonderlike afde=ling vir doofblinde kinders ingerig met onder andere 'n eie ge=bou en leerkragte, terwyl 'n besondere metodiek van onderrig ook gevolg is (Suid-Afrika, 1970b, p. 21).

### 3.2.3.6 Toelatingsouderdom

Van die stigting van die skool af tot 1943 is daar nie vir kleu=ters voorsiening gemaak nie, veral omdat daar nie aansoeke was vir die opname van blinde kinders van voorskoolse ouderdom nie (Bie=senbach, 1945b, p. 354). Sedertdien is leerlinge van ongeveer vyfjarige ouderdom af toegelaat en gebeur dit dat leerlinge reeds 'n jaar of selfs twee jaar in die skool is voordat met meer for=mele substanderd A-werk begin word.

### 3.2.4 UITBREIDING AAN DIE SKOOL VIR BLINDES

#### 3.2.4.1 Leerlingtal

Soos vermeld, is die Doofstommen- en Blinden-Instituut te Worces=ter in 1881 deur die N.G. Kerk gestig met aanvanklik slegs enkele dowe kinders. Sedert 1891 was daar 'n gereelde toevloei van blinde leerlinge en in die tydperk van 1891 tot 1905 is 106 blin=des toegelaat. In 1906 was daar 42 blinde leerlinge op skool en die getal het vermeerder tot 80 in Desember 1928. In 1937 was daar reeds 160 blinde leerlinge op die register en teen 1944 het die leerlingtal op tussen 160 en 170 te staan gekom (Biesenbach, 1945a, pp. 87 en 165). Gedurende die jare 1964 tot 1970 het die leerlingtal (dit wil sê blinde sowel as swaksiende leerlinge) ge=wissel tussen ongeveer 240 en 260 (Skool vir Blindes, 1964, p. 6 en 1970, p. 11).

#### 3.2.4.2 Toename van onderwyspersoneel

Soos wat die leerlingtal aan die skool uitgebrei het en die onder=wysprogram meer omvattend geword het, het die personeel ook uitge=brei. Waar die skool in 1881 met een leerkrag begin is, was daar in 1905 5 manlike personeellede wat spesifiek vir die opvoeding en onderwys van blinde leerlinge verantwoordelik was. In 1929 was daar 'n totaal van nege personeellede en in 1944 het die personeel tot 24 vermeerder (Biesenbach, 1945a, pp. 66, 170-173). In 1970 het die onderwyspersoneel wat vir die onderwys van beide blinde en swaksiende leerlinge verantwoordelik was, tot 52 aangegroei (Suid-Afrika, 1970b, p. 28).

#### 3.2.4.3 Aspekte van die fisiese uitbreiding aan die Skool vir Blindes

Tot 1897 is die blinde en dowe leerlinge in dieselfde gebou ge=huisves, maar gedurende Julie van hierdie jaar is 'n aparte gebou

vir die onderwys en huisvestig van blinde seuns geopen. In Mei 1905 is die Doofstommen- en Blinden-Instituut deur die Kaapse Onderwysdepartement in twee skole geskei, elkeen met sy eie hoof en personeel (Biesenbach, 1945a, pp. 65-66).

In 1934 is 'n gimnastieksaal gebou en is daar 'n begin gemaak met gespesialiseerde liggaamlike opvoeding. In 1937 is die dowe leer=linge na 'n afsonderlike terrein verskuif en was die twee skole sowel organisatories as fisies geskei. Die afdeling vir voorlig=ting en sielkundige dienste is in 1949 tot stand gebring. Gedu=rende die vyftigerjare is vier nuwe koshuise, 'n skoolsaal en 'n bandateljee gebou, terwyl die afdeling vir doofblinde kinders in 1959 tot stand gekom het (Suid-Afrika, 1970b, pp. 20-21). Sedert=dien is die tempo van vernuwing en uitbreiding steeds volgehou en dit sal by die verdere bespreking van die verskillende aspekte van die opvoedings- en onderwysprogram aan die skool ter sprake kom.

### 3.2.5 DIE DRUK VAN LITERATUUR IN BRAILLESKRIF

Aanvanklik is in die onderwys vir blinde leerlinge van verhewe lynskrif (dit wil sê gewone drukskrif in reliëf) gebruik gemaak. In 1932 begin mnr. Vaughan, die destydse onderhoof van die skool, met 'n wetenskaplike standaardisering van Afrikaanse brailleskrif en in Oktober 1934 word die voltooide verkortingstelsel vir die eerste keer toegepas.

Gedurende die aanvangsjare was daar feitlik geen handboek beskik=baar nie, en die leerlinge moes geweldig baie aantekening afskryf. Sedertdien het die brailledrukkery steeds uitgebrei en is nuwe brailledrukmasjiene aangekoop. In 1943 het die personeel van die drukkery bestaan uit 'n hoofdrukker, 'n onderhoof en tien perso=neellede van wie sewe oud-leerlinge van die skool was (Biesenbach, 1945b, pp. 393-414).

Christelike lektuur, algemene leesstof, skoolhandboeke en blad=musiek is gedruk. In Oktober 1941 is die volledige Bybel, be=staande uit 75 dele, in Afrikaanse brailleskrif voltooi. Metter=tyd is 'n bandopname-afdeling ook georganiseer en in 1959 op 'n vaste grondslag geplaas (Suid-Afrika, 1970b, p. 21). Sedertdien is sowel die brailledrukkery as bandopnamediens steeds uitgebrei en 'n oorsig van die huidige stand van sake word in hoofstuk 9 gegee.

## 3.2.6 DIE UITBOUING VAN DIE ONDERWYSPROGRAM AAN DIE SKOOL VIR BLINDES

### 3.2.6.1 Skolastiese onderrig

In 1893 is die volgende vakke aan blinde leerlinge aangebied, naamlik "Reading and Grammar, Writing, Arithmetic, Object Les=sons, Geography, Bible History, Industrial Training and Music". Reeds in 1894 het vier leerlinge die destydse Elementary Examina=tion geslaag. Sommige leerlinge het ook vir die Taalbond- en Hoër Geskiedeniseksamen ingeskryf en geslaag. Volgens die inspek=sieverslag van 1896 het die gevorderde leerlinge toe reeds 'n aan=sienlike hoeveelheid tyd per week onderwys ontvang in Latyn, Al=gebra en Meetkunde. Van die beginjare af was daar 'n Musiekdepar=tement aan die skool verbonde en het Musiek as vak dus 'n belang=rike plek op die rooster gevul. In 1906 is "akademiese onderrig" reeds tot standerd 7-vlak gegee. Die benadering van die Kaapse Onderwysdepartement, van 1906 tot 1928, was blykbaar dat so min afwyking as moontlik van die sillabusse vir skole vir normaal=siende kinders, verwag is.

Tikskrif is 'n vak wat al sterker beklemtoon is en al meer tyd per week is daarvoor beskikbaar gestel. In standerd 4 is met die onderrig van Tikskrif begin en van standerd 5 af moes die leer=linge hul opstelle en eksamenantwoordstelle tik.

In 1931 is met die eerste standerd 8-klas begin, terwyl die eerste standerd 9-klas bestaande uit ses leerlinge, in 1943 saam=gestel is. Die vakke wat aangebied is, was Afrikaans, Engels, Letterkunde, Geskiedenis, Fisiologie, Musiek of 'n handvaardig=heidsvak. Die leerlinge het dieselfde eksterne eksamen as die siende leerlinge in die Kaapprovinsie afgelê. In 1944 is die eerste kandidate vir die Senior Sertifikaateksamen ingeskryf van wie almal geslaag het (Biesenbach, 1945a, pp. 67-70, 186-191).

### 3.2.6.2 Vak- en beroepsopleiding

In 1895 is begin met mandjiemakery en dit was die eerste stap om vakopleiding aan die skool in te stel. Teen 1928 is die volgende handwerkkursusse vir meisies aangebied, te wete breiwerk met die hand, rondebreimasjienwerk, knoop- en kraalwerk, die maak van wol=matte en naaimasjienwerk. Die seuns is opgelei in die vleg van mandjies en die maak van matte, stoelmatte en klapperhaarmatrasse. Die afdeling vir vakopleiding het verder uitgebrei en in 1932 is 'n instrukteur na die buiteland vir verdere opleiding en navorsing. Teen 1943 was daar vyf instrukteurs en drie instruktrises en kon meisies opgelei word in die brei van sokkies en seunskouse met die rondebreimasjien, die vervaardiging van winterklere met die plat=breimasjien, kralewerk, handbreiwerk, raffia- en leerwerk, en spin- en weefwerk. Seuns kon spesialiseer in die maak van klapperhaar=matte, stoelmatte, rottangmeubels, tafels, blompotstaanders, wie=gies, asook tennisnette en klapperhaarmatrasse.

In 1911 is intensief met die opleiding van klavierstemmers begin. Van die 528 leerlinge wat tot 1943 die skool verlaat het, het 36, van wie 18 as blind en 18 as swaksiende geklassifiseer is, as klavierstemmers gekwalifiseer. Nege blinde en veertien swaksiende leerlinge het van hul loopbane as klavierstemmers 'n sukses ge=maak (Biesenbach, 1945a, pp. 102-104, 229-233, 284-286). Die

verdere uitbreiding van sowel skolastiese as vak- en beroepsop=leiding aan die Skool vir Blindes te Worcester sal gereflekteer word deur die huidige stand van sake wat in hoofstukke 6 en 7 onderskeidelik bespreek sal word.

### 3.2.7 TOEGANKLIKE BEROEPE VIR BLINDES

Die beroepsmoontlikhede in die ope arbeid was vir blinde persone van die begin af noodwendig beperk. Tot 1928 was die skool be=sonder ingestel op musiek as toekomstige loopbaanrigting vir blinde skoolverlaters. Van die 528 leerlinge wat tot 1943 die skool verlaat het, het 61 om betrekkings as musiekonderwysers of orreliste geaspireer. Slegs 23 (38%) van laasgenoemde groep het egter enigsins welslae behaal. In teenstelling met die vooraf=gaande het slegs een van die laaste 128 skoolverlaters tot 1943, getrag om hierdie rigting as loopbaan te volg.

Meisies het besondere probleme ondervind om betrekkings as tik=sters te bekom, veral omdat daar aanvanklik nog nie 'n Afrikaanse snelskrifstelsel in braille ontwerp was nie. Teen 1943 is steeds besondere probleme ondervind om blinde oud-leerlinge as tiksters geplaas te kry. Wat betref klavierstemmers was die prentjie rooskleuriger en het 23 van die 36 blinde en swaksiende leerlinge wat tot 1943 as klavierstemmers aan die skool gekwalifiseer het, sodanige loopbaan met welslae gevolg.

'n Beroepsmoontlikheid vir akademies opgeleide blinde leerlinge was die van fisioterapeut. Vir hul opleiding moes kandidate na die opleidingsentrum van die Royal National Institute for the Blind in London wat in 1915 in die lewe geroep is, gaan. Teen 1943 het drie van die oud-leerlinge van die skool te Worcester as fisioterapeute gekwalifiseer. Verder het een oud-leerling van die Skool vir Blindes aan Oxford gegradueer, maar het tever=geefs probeer om 'n betrekking as onderwyseres in Suid-Afrika te

bekom. Sy het later 'n betrekking aan 'n skool vir blinde leer= linge in Engeland aanvaar. 'n Ander oud-leerling het 'n B.A.- en LL.B-graad behaal en later as prokureur begin praktiseer, terwyl een hom as sendeling bekwaam het, maar na 14 jaar reeds 12 ver= skillende standplase gehad het. Teen 1943 het drie blinde oud-leerlinge aan Suid-Afrikaanse universiteite grade behaal, en al drie het deur middel van korrespondensiekursusse gestudeer. Se= dert die eerste blinde leerlinge in 1944 deur die Skool vir Blin= des te Worcester vir die Senior Sertifikaateksamen ingeskryf is, kon al hoe meer leerlinge toelating tot universiteitskursusse ver= kry, met die gevolg dat meer blinde persone vir beroepe soos onderwyser, fisioterapeut, prokureur en maatskaplike werk kon aspireer (Biesenbach, 1945a, pp. 267-268, 300-308; Suid-Afrika, 1970b, p. 21).

Biesenbach (1945) het 'n ondersoek gedoen na die beroepe wat blinde oud-leerlinge beoefen wat die Skool vir Blindes te Wor= cester tot 1943 verlaat het. Uit die ondersoek het geblyk dat ten aansien van blinde persone wat wel die een of ander beroep beoefen het, die verdeling soos volg was: Uit 'n totaal van 242 blinde skoolverlaters het sewe-en-tagtig in werkswinkels 'n heen= kome gevind en beroepe beoefen waarvoor hulle in die Vakafdeling opgelei is. Vier mandjiemakers het in die ope arbeid tereggekom. Veertien het onderwys gegee of poste as instrukteurs beklee. Ver= der was daar 3 masseurs (fisioterapeute), 9 boere, 3 telefoniste, 3 huishoudsters, 4 brailledrukkers, 29 klavierstemmers, 3 wat sendingwerk gedoen het, 9 wat hul eie handelsake begin het en 12 wat in die een of ander fabriek gewerk het. Vier-en-twintig se beroepe word as "musiek" aangegee, terwyl 38 van die meisies in die huwelik getree en huisvroue geword het (Biesenbach, 1945b, pp. 470-474). 'n Beeld van die huidige situasie ten aansien van die tersiêre opleiding van en beroepsbeoefening deur blinde per= sone sal in hoofstuk 12 gegee word.

### 3.2.8 NASORGWERK TEN BEHOEWE VAN BLINDE SKOOLVERLATERS

Wat betref nasorgwerk, is daar gedurende die eerste aantal jare weinig gedoen. Die noodsaaklikheid van nasorg, veral ten behoewe van blinde persone wat nie tot die ope arbeid kon toetree nie, het egter al meer aktueel geword. In hierdie verband wys Biesenbach (1945) daarop dat van al die geregistreerde blinde persone in Skotland in 1927, nie minder as 66,5 persent as nie-emplojeerbaar aangegee is. Sedert 1927 is veral deur die onderskeie verenigings vir burgerlike blinde persone in die RSA 'n begin gemaak met die inruiming van werkswinkels vir blinde volwassenes. Met die stig= ting van 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindesorg in 1929 is werksaamhede ten behoewe van veral die volwasse blinde grootliks bevorder. In 1933 is 'n begin gemaak met 'n werkswin= kel vir volwasse blinde dames te Worcester wat ontwikkel het tot die Werkswinkel en Tehuise vir Blindes. Hierdie dames het hoof= saaklik in die brailledrukkery of met breimasjiene gewerk. Die Wet op Blindes is in Maart 1936 uitgevaardig waardeur voorsie= ning gemaak is vir die toekenning van 'n pensioen aan behoeftige blinde persone en die subsidiëring van onder andere tehuise en werkswinkels vir blindes. Met finansiële hulp van die Departe= ment van Volkswelsyn is 'n manstehuis te Worcester opgerig en op 1 Mei 1936 geopen. Kort daarna is ook 'n werkswinkel vir vol= wasse Blanke mans geopen en die mans het begin met die maak van matte, tennisnette en mandjies (Biesenbach, 1945b, pp. 439-452). Die huidige situasie ten aansien van nasorgwerk ten behoewe van blinde skoolverlaters word in hoofstuk 12 aangesny.

### 3.2.9 DIE UITBREIDING VAN ONDERWYSGERIEWE VIR BLINDES NA DIE TRANSVAAL

In 1956 het die Pretoriase Vereniging vir Burgerlike Blindes nie-amptelik 'n begin gemaak met die private onderrig van blinde

kleuters. 'n Vertrek is as klaskamer by hierdie vereniging se werkswinkel ingerig en voorligting is deur 'n onderwyseres - die destydse rehabilitasiebeampte van dié vereniging - aan ouers ge=gee. Geen fasiliteite vir inwoning was vir hierdie kleuters beskikbaar nie.

Op 13 Junie 1958 verskyn die Verslag van die Komitee oor Onder=wysgeriewe aan Swaksigtige Leerlinge, die sogenaamde Van Schalkwijkverslag, wat gehandel het oor die uitbreiding van on=derwysgeriewe vir swaksiende leerlinge. Dié verslag keur in be=ginsel goed dat 'n beoogde skool vir swaksiende leerlinge in Pretoria ook blinde kleuters sou huisves waar hulle onderrig sou ontvang totdat hul gereed is vir oorplasing na die Skool vir Blindes te Worcester.

In 1959 besluit die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onder=wys ingevolge die Van Schalkwijkverslag dat as 'n tussentydse maatreël blinde kleuters tot 'n aparte afdeling van die Trans=oranje Skool vir Dowes te Pretoria toegelaat sal word. Met die stigting van die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes in 1963 word hierdie groepie kleuters die eerste leerlinge in die afdeling vir blinde leerlinge. Gedurende die jare 1963 tot 1969 het hierdie afdeling 'n gemiddelde leer=lingtal van tien per jaar gehad. As tussentydse maatreël is blinde leerlinge later tot op standerd een-vlak onderrig, in af=wagting op die moontlike goedkeuring van verdere uitbreiding van onderwysgeriewe vir blindes aan die Prinshofskool. In 1970 was daar 16 blinde leerlinge aan hierdie skool verbonde (Suid-Afrika, 1970b, p. 60).

Op 16 Junie 1971 is deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangekondig dat die afdeling vir blinde leerlinge aan die Prins=hofskool tot graad 2-vlak uitgebrei sal word en dat blinde leer=linge daarna na die Skool vir Blindes te Worcester oorgeplaas sal

word (Transoranje, 1972, pp. 4-5). Die rede waarom onderwys vir blindes hoofsaaklik aan die Skool vir Blindes te Worcester gesen= traliseer gebly het, moet toegeskryf word aan die feit dat die leerlingtal nooit sodanig uitgebrei het dat daar regverdiging vir 'n volwaardige tweede skool vir Blanke blinde kinders was nie.

## 3.3 DIE STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE BLINDE= WESE IN DIE RSA

### 3.3.1 DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD VIR BLINDES (SANRB)

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) is in 1929 in die lewe geroep as 'n koördinerende liggaam van die verskil= lende instansies wat hul vir die welvaart van blinde persone be= ywer. Die tweejaarlikse konferensies van die Raad word bygewoon deur afgevaardigdes van geaffilieerde liggame en ander organisa= sies wat 'n diens aan blinde persone lewer. Op die Uitvoerende Komitee van die SANRB dien onder andere vyf verteenwoordigers van onderskeidelik die Westelike en Oostelike Kaapprovinsie, die Oranje-Vrystaat, Natal en Transvaal, 'n verteenwoordiger van die Oogheelkundige Vereniging van Suid-Afrika, sowel as ver= teenwoordigers van nege staatsdepartemente.

Soos genoem, vervul die SANRB 'n koördinerende rol ten aansien van die werksaamhede van geaffilieerde liggame, maar mag nie op die outonomie van enige van hierdie liggame inbreuk maak nie. Tans is daar 32 liggame wat met die SANRB geaffilieer is. Hier= die liggame sluit onder andere die volgende in, naamlik:

a. Skole vir blinde Blanke, Bantoe- Kleurling- en Indiërleer= linge.

b. Vereniginge vir burgerlike blinde persone wat hul beywer vir die algemene welsyn van blinde persone, vir die sosiale verkeer en vermaak van blinde persone, en wat in baie gevalle

'n werkswinkel vir blinde persone in stand hou.

c. Die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO) wat be= staan uit blinde persone wat hul vir die welsyn van blindes beywer.

d. Die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging vir Blindes te Benmore, Transvaal.

e. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad.

f. Bandhulp vir Blindes, te Durban.

Wat betref die samestelling van die SANRB, is daar verskeie Spesiale Komitees van die Uitvoerende Komitee. Hierdie komi= tees is die volgende:

a. Die Buro vir die Voorkoming van Blindheid;

b. die Komitee vir Lektuur, Onderwys en Navorsing;

c. die Openbare Skakelkomitee;

d. die Komitee vir Rehabilitasie en Werkverskaffing;

e. die Komitee vir Geld- en Algemene Sake;

f. die Komitee vir Swaksiendes;

g. die Regsadvies- en Grondwetsubkomitee;

h. die Ad hoc-komitee vir Maatskaplike Werk; en

i. die Dagbestuur (SANRB, 1974, pp. 6-12).

Enkele van die werksaamhede van twee van hierdie komitees wat meer direk met die onderwys en opleiding van blindes te make het, sal kortliks bespreek word.

a. *Die Komitee vir Lektuur, Onderwys en Navorsing* is in beheer van die studiebeursfonds van die SANRB. Finansiële onder= steuning word aan skoliere en studente toegeken en hierdie

studiefonds is daarop gemik om die finansies van blinde sko= liere en studente aan te vul. Verder trag hierdie komitee om tred te hou met ontwikkeling op die gebied van literatuur= voorsiening aan blindes, die onderwys vir blinde leerlinge en navorsing in belang van die blinde persoon en om sodoende hulp aan blindes te verskaf. Die *Sentrale Depot* van spesiale hulpmiddels en instrumente vir blinde persone, ressorteer ook onder hierdie komitee. Deur hierdie depot word 'n groot ver= skeidenheid artikels wat sodanig verander en aangepas is dat dit deur blinde persone gebruik kan word, beskikbaar gestel. Laastens trag hierdie komitee om, afgesien van die voorlig= tingsprogram wat aan skole bestaan, in besonder aan voorne= mende studente voorligting oor moontlike studierigtings te verskaf (SANRB, 1974, pp. 57-59).

b. Die *Komitee vir Rehabilitasie en Werkverskaffing* is veral gemoeid met die rehabilitasie en heropleiding van, asook werk= verskaffing aan persone wat nie die Skool vir Blindes te Wor= cester bygewoon het nie - dus hoofsaaklik met persone wat na hul skoolopleiding blind geword het. Die Enid Whitaker-Rehabilitasiesentrum te Johannesburg is hiervoor ingerig. Die kurrikulum sluit die volgende in, naamlik: Mobiliteits= onderrig, braille-onderrig, tik, handwerk, buitemuurse bedry= wighede, beroepsopleiding en vryetydsbesteding (Stander, 1968, p. 10). Die Komitee vir Rehabilitasie en Werkverskaffing het ook direkte skakeling met die Skool vir Blindes te Worcester en dit gebeur dat *beroepsplasingbeamptes* van die SANRB ten behoewe van blinde skoolverlaters beroepsverkenning doen.

### 3.3.2 GEAFFILIEERDE LIGGAME VAN DIE SANRB

Afgesien van die verskillende verenigings vir burgerlike blinde persone waarna reeds verwys is, sal dië instansies wat meer direkte

skakeling met die blinde skoolverlater en student het, kortliks bespreek word.

#### 3.3.2.1 Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes met hoofkantoor op Grahamstad, word amptelik onder die Wet op Kultuurinrigtings erken as die nasionale biblioteek vir blinde persone en is reeds in 1919 gestig. Die Departement van Nasionale Opvoeding subsi=dieer die inrigting, maar die biblioteek is nogtans op die publiek aangewys vir verdere geldelike steun. Brailleboeke in Afrikaans, Engels en vyf Bantoetale is beskikbaar. Boeke voorgelees op bandkasette, is ook beskikbaar.

'n Deel van die biblioteek se taak is die bibliografiese koördi=nasie van alle leesstof vir blinde persone in biblioteke en pri=vate versamelings in die RSA. 'n Saamgestelde nasionale kata=logus word opgestel en die inrigting of agentskap waar die boeke verkry kan word, word aangedui. Die oprigting van biblioteekde=pots en -subdepots in die groter openbare biblioteke en ander inrigtings in talle sentra in Suid-Afrika word in die vooruitsig gestel (SANRB, 1970, pp. 129-130 en 1974, pp. 108-110).

Hier moet ook verwys word na die Sentrale Koördinerende Raad vir die Voorsiening van Literatuur aan Gesigsgestremdes (SKR) wat in die lewe geroep is onder voorsitterskap van die Departement van Nasionale Opvoeding om onder andere die produksie van literatuur in braille, op band en in grootdruk te koördineer, te beplan en oorvleueling te bekamp. Instansies wat literatuur in braille om=set en op band vaslê, is Brailledienste in Johannesburg, die Biblioteek vir Blindes te Grahamstad, die Skool vir Blindes te Worcester en Bandhulp vir Blindes (Tape Aids for the Blind) in Durban. In besonder is dit ook die taak van die SKR om aan die behoeftes van die blinde student wat betref studiemateriaal

aandag te skenk. Op die SKR dien onder andere verteenwoordigers van die Bandafdeling en Braille-afdeling van die Skool vir Blindes, Brailledienste, die Biblioteek vir Blindes, Bandhulp vir Blindes, die Prinshofskool en verskeie staatsdepartemente waaronder die Departement van Nasionale Opvoeding.

#### 3.3.2.2 Die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO)

SABWO is op 26 Oktober 1946 gestig deur blinde persone om 'n diens aan blindes te lewer en een van die belangrikste doelstellinge van die organisasie is om blindes in die *ope arbeid* geplaas te kry (Kruger, 1968, pp. 55-58). Gedurende die tydperk 1968 tot 1970 is nie minder as vyftig blindes en swaksiendes deur hierdie orga= nisasie in betrekkinge geplaas nie. In 1970 was daar 'n vakature vir 'n voltydse beroepsplasingbeampte by SABWO.

Brailledienste in Johannesburg wat literatuur vir blinde persone in braille druk, word deur SABWO in vennootskap met die SANRB geadministreer. Die produksiesyfer vir die tydperk 1968 tot 1970 beloop 883 227 bladsye en sluit literatuur in Afrikaans, Engels, Zoeloe, Xhosa en Sotho in. Die tydskrifte Imfama en Braillorama word ook deur Brailledienste gedruk en hulle ontvang hiervoor 'n subsidie van die Departement van Nasionale Opvoeding.

Daar bestaan noue *skakeling* tussen SABWO en die Skool vir Blindes te Worcester. SABWO skryf jaarliks redenaarskompetisies uit en pryse word aangebied. Leerlinge van laasgenoemde skool neem ook hieraan deel. Verder word studie- en aansporingsbeurse deur hierdie organisasie tot blinde leerlinge en studente se beskik= king gestel. Ook wat betref die opsporing van blinde kleuters en die beroepsplasing van blinde skoolverlaters is daar noue samewerking tussen die Skool vir Blindes en SABWO (SANRB, 1970, pp. 81-88).

### 3.3.2.3 Bandhulp vir Blindes

Bandhulp vir Blindes is in 1958 as welsynsorganisasie in Durban geregistreer. Die hoofkantoor is in Durban gesetel met streeks=komitees in Durban, Oos-Londen, Johannesburg, Pietermaritzburg en Springs. 'n Gratis diens van sowel opvoedende as ontspannende aard word aan blinde persone van alle bevolkingsgroepe gelewer. Bandmasjiene word volgens 'n onbepaalde uitleenstelsel aan persone verskaf wat nie kan bekostig om dit self aan te koop nie. Band=hulp het beoog om gedurende 1970 129 nuwe titels te produseer, dit wil sê 20 000 ure van nuwe leesstof per maand. Die volgende vergelykbare statistiek gee 'n aanduiding van wat in ander lande in verband met bandopnames vir blindes gedoen word:

Royal National Institute for the Blind: 2 600 leners; 2,1 nuwe titels per 100 lede per jaar.
Noorweë: 1 950 leners; 7,7 nuwe titels per 100 lede per jaar.
Finland: 1 600 leners; 18,9 nuwe titels per 100 lede per jaar.
Bandhulp vir Blindes: 547 leners; 19,8 nuwe titels per 100 lede per jaar.
S.A. Biblioteek vir Blindes: 350 leners; 10,3 nuwe titels per 100 lede per jaar (SANRB, 1970, p. 150).

### 3.3.2.4 Die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging vir Blindes

Aan die Gladys Evans Training Centre te Benmore, Transvaal vind onderrig van blinde persone in sowel die gebruik van gidshonde as die Langkierie-tegniek plaas. Die hoofafrigter is onlangs na Brittanje vir opleiding in die Langkierie-tegniek. Afgesien van die hoofafrigter is daar ook twee leerlingafrigters. 'n Nasorg=program word ook gevolg en gidshondeienaars word besoek om pro=bleme wat moontlik opgeduik het, te help opklaar (SANRB, 1970, p. 92).

### 3.3.3 HULPVERLENING DEUR DIE STAAT

Afgesien van die subsidie wat deur die Staat aan skole vir gesigs=gestremdes en aan werkswinkels vir blindes betaal word, word ook op ander terreine aan blindes hulp verleen. Op die volgende as=pekte van hulpverlening word kortliks gewys:

a. Die Departement van Pos- en Telegraafwese bied 'n gratis pos=diens aan vir artikels wat duidelik gemerk is dat dit ten be=hoewe van blinde persone versend word.

b. Persone wat geregistreer is as 'n "Blinde Persoon" ooreenkom=stig Wet No. 26 van 1968 kan aansoek doen om 'n pensioen by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Hierdie pen=sioen is onderhewig aan 'n inkomstetoets en word van tyd tot tyd hersien.

c. Gratis mediese dienste wat ook onderhewig is aan 'n inkomste=toets, word verskaf deur distriksgeneeshere en by provinsiale hospitale.

d. Ouetehuise wat by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene geregistreer is, kan aanspraak maak op 'n subsidie vir elke blinde persoon in die inrigting.

e. Die Departement van Arbeid maak voorsiening vir werkloos=heidversekering en/of siektevoordele vir gestremde persone. Hierdie Departement verleen ook hulp met die plasing van ge=stremde persone in geskikte beroepe.

f. In sekere stede kan geregistreerde blinde persone gratis van busdienste gebruik maak. In alle stede kan gidshonde gratis saam met hul eienaars op busse reis. Wat betref spoor- en lugvervoer, kan gidshonde ook gratis met eienaars reis. Gidshonde is vrygestel van hondebelasting en gidshondeienaars is geregtig op 'n korting op hul inkomstebelasting (SABWO, 1971, pp. 73-74).

## 3.4 SAMEVATTING

### 3.4.1 DIE TOTSTANDKOMING EN UITBREIDING VAN ONDERWYS VIR BLINDES

Die N.G. Kerk het die inisiatief geneem wat betref die opvoeding en onderwys van veral Afrikaanssprekende gestremde, en in beson= der van Afrikaanssprekende blinde kinders in die RSA. Die ge= skiedenis van die Skool vir Blindes te Worcester getuig van die harmonieuse en produktiewe *samewerking tussen Staat en Kerk*, mekaar se terreine is gerespekteer en elkeen se bydrae tot die uitbouing en bestendiging van die onderwys vir blinde leerlinge is gewaardeer.

Die *toelating* van verstandelik vertraagde kinders was sedert die vroegste jare van die bestaan van die skool 'n brandende probleem. Ook die kwessie van die toelating van swaksiende kin= ders wat nie as blind kwalifiseer nie, het gou reeds 'n probleem geblyk te wees. Eers in 1963 is die Prinshofskool vir Swaksien= des te Pretoria gestig en so onlangs as 1964 is met 'n afsonder= like primêre afdeling vir swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester begin.

Reeds sedert die aanvangsjare van die Skool vir Blindes is getrag om *tred te hou* met die jongste ontwikkeling op die gebied van die onderwys vir blinde leerlinge. Van die vroegste jare af is dan ook gedifferensieer tussen verskillende kategorieë blinde leer= linge; onder andere tussen leerlinge wat op opname in beskutte werkswinkels aangewys was, en dié wat tot die ope arbeid sou toe= tree. Die skool het dit in die eerste plek as sy taak gesien om soveel blinde leerlinge as moontlik op toetrede tot die ope ar= beidsmark voor te berei.

Aangesien blinde skoolverlaters aanvanklik weinig hulp van ander instansies wat betref hul oriëntering in die "siende gemeenskap",

ontvang het, het die Skool vir Blindes voortdurend midde in die problematiek van *nasorgwerk* gestaan. Tans is nasorgwerk nog steeds 'n belangrike faset van die aktiwiteite aan die Skool vir Blindes te Worcester.

Pogings om onderwysgeriewe vir blinde kinders na meer skole uit te brei, dateer van ongeveer 1956 af. Die rede waarom onderwys vir blindes hoofsaaklik aan die Skool vir Blindes te Worcester *gesentraliseer* gebly het, moet toegeskryf word aan die feit dat die leerlingtal nooit sodanig uitgebrei het dat daar regverdi= ging vir 'n volwaardige tweede skool vir Blanke blinde kinders was nie.

### 3.4.2 DIE STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE BLINDEWESE

Uit die oorsig van die struktuur en werksaamhede van die blinde= wese in die RSA blyk dat daar op verskillende vlakke en terreine *raakpunte* is wat betref die opvoeding en onderwys van blindes en die werksaamhede van ander instansies wat hul beywer vir die wel= syn van veral die volwasse blinde persoon. Sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria is geaffi= lieer by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) en 'n verteenwoordiger van die Departement van Nasionale Opvoeding dien in die Uitvoerende Komitee van die SANRB.

Verskillende instansies wat hulle beywer vir die welsyn van blindes, in besonder die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorgani= sasie (SABWO), verleen waardevolle hulp wat betref die *opsporing* van jong blinde kinders en die bekendstelling van skole vir blinde kinders. Voorts verleen sowel die SANRB as SABWO finansiële ondersteuning aan blinde leerlinge en studente.

'n Verskeidenheid *hulpmiddels* wat blinde persone, kinders en volwassenes, in hul daaglikse lewe en werk nodig het, word

deur die Sentrale Depot wat onder die Komitee vir Lektuur, Onder=wys en Navorsing van die SANRB ressorteer, beskikbaar gestel. Dan vind daar ook deur middel van verteenwoordiging in die Sen=trale Koördinerende Raad vir die Voorsiening van Literatuur aan Gesigsgestremdes (SKR) samewerking plaas tussen die verskillende instansies wat literatuur in braille en op band produseer. Die Skool vir Blindes en die Prinshofskool ressorteer ook onder hier=die instansies.

Afgesien van die diens wat die Skool vir Blindes te Worcester self in hierdie verband aanbied, is die Departement van Arbeid, die SANRB en SABWO behulpsaam met *beroepsverkenning* en die *be=roepsplasing* van blinde skoolverlaters. Ook op die gebied van *nasorgwerk* vind daar in 'n mindere of meerdere mate samewerking plaas tussen die meeste instansies wat hulle vir die welsyn van die blinde persoon beywer en die Skool vir Blindes.

Skole vir blinde leerlinge moet dus in sekere opsigte as 'n *inte=grerende deel* van die struktuur van die blindewese in die Repu=bliek van Suid-Afrika gesien word. By die verdere bespreking van sekere aspekte van die onderwys en opleiding van blindes, sal steeds na hierdie verbondenheid verwys word.